**Die verbonde van die Here**

**Jer 33:19-22**

**15 Desember 2024**

1. Sewe verbonde: elke verbond bou voort op voriges, elke verbond bring iets nuuts na vore
2. Vandag: Oorsig oor die verbonde – Met <u>wie</u> werk die Here? <u>Waar</u> werk die Here? <u>Wat</u> verwag die Here? Wat is <u>nuut</u> in die verbond?
3. Skeppingsverbond (Gen 1-2)
    a. Wie: Adam en Eva = hele mensdom
    b. Waar: Tuin van Eden (eerste tempel) as deel van die aarde
    c. Wat: Heers (bewerk en bewaak, onderwerp), vermeerder en vul, 7de dag as rusdag, onvoorwaardelike gehoorsaamheid
    d. Nuut: Die doel van die Here met die skepping – aarde gevul met gehoorsame mense
4. Die verbond met Adam na die sondeval (Gen 3)
    a. Wie: Adam en Eva – twee groepe: nageslag van vrou vs nageslag van duiwel
    b. Waar: In die wêreld buite die tuin
    c. Wat: Gehoorsaamheid aan skeppingsopdragte – sal nou swaar wees
    d. Nuut: Die Here is verantwoordelik (genadeverbond) – sal sommiges red, klere van vel gee (sondeskuld en -geneigdheid) – deur Een uit die nageslag van die vrou – slange se kop vermorsel
5. Die verbond met Noag (Gen 6-9)
    a. Wie: Noag en sy gesin, regverdiges
    b. Waar: Voor vloed in sondige wêreld, na vloed in gereinigde wêreld
    c. Wat: Gehoorsaamheid aan skeppingsopdragte
    d. Nuut: Die Here stel oordeel uit tot einde van tyd, skep genadetyd, red regverdiges
6. Die verbond met Abraham (Gen 12-22)
    a. Wie: Abraham en nageslag (nie hele nageslag nie, nie net fisiese nageslag nie) – die wat glo
    b. Waar: Beloofde land – maar die land is meer as die fisiese land Kanaän
    c. Wat: Geloof, gevolg deur gehoorsaamheid
    d. Nuut: Verlossingspad: roeping, geloof, regverdiging, gehoorsaamheid. Baie uit baie nasies gaan gered word. Beloofde land = rus in skeppingsverbond. Geregtigheid bewerk deur Plaasvervangende offer
7. Die Sinaiverbond (Eksodus)
    a. Wie: Uitverkore volk van die Here, Israel
    b. Waar: Beloofde land – maar eers woestyntog op pad na beloofde land
    c. Wat: Gehoorsaamheid aan morele wet, en ook seremoniële wette
    d. Nuut: Wet van God = definisie van gehoorsaamheid. Offerdiens demonstreer plaasvervangende offer. Tabernakeldiens demonstreer terugkeer na God se teenwoordigheid
8. Die Dawidverbond (2 Sam 7, 1 Kron 17)
    a. Wie: Dawid, as koning oor uitverkore volk
    b. Waar: Beloofde land, Jerusalem
    c. Wat: Koninkryk vestig, vyande oorwin
    d. Nuut: Nakomeling van Dawid gaan vir ewig regeer met alle mag, duiwel oorwin
9. Die nuwe verbond (Jer 31, Eseg 36, Nuwe Testament)
    a. Wie: Ware oorblyfsel uit Israel en Juda en ander nasies
    b. Waar: In hierdie sondige wêreld op pad na nuwe, herskepte aarde
    c. Wat: Onvoorwaardelike gehoorsaamheid
    d. Nuut: Nuwe harte deur Heilige Gees (sondegeneigdheid), effektiewe sondevergifnis (sondeskuld) en oorwinning oor duiwel deur Jesus – volle vervulling in ewige rus
10. Jer 9:24 – Die Here het vreugde in troue liefde, reg en geregtigheid – fokus van die verbonde